

# **ONS PRAAT NIE DAAROOOR NIE!**

saamgestel deur

Hennie van Zyl

Gratis. Nie te koop nie.

## Inleiding

Hierdie boekie gaan oor die huwelik en oor seks. Almal doen dit, maar wanneer daaroor gepraat word, is dit gewoonlik die duiwel wie die eer kry.

Soos alles wat God goed en mooi gemaak het, het die satan se magte met al hul mag ook in hierdie area gewerk om hoerery, pornografie, egbreuk en promiskuiteit aan te vuur. Satan verstaan beter as meeste Christene hoe kosbaar die huwelik vir God is.

Lees hierdie met 'n oop gemoed. Kyk wat sê God se Woord, die Bybel aangaande seks en hoe God daarvoor voel.

Alle aanhalings is vanuit die Ou Afrikaanse Bybelvertaling.

Navrae: *[hennieis@absamail.co.za](mailto:hennieis@absamail.co.za)*

## DIE EENVOUDIGE FISIOLOGIE

Die mens is 'n geestelike wese met 'n siel wat woon in 'n liggaam. (2 Thess.5:23) Die gees van die mens is die ware mens. Uit die gees van die mens kom al die vrug van die gees van Gal.5:22. Uit die gees kom blydschap en geloof. Dit is ook hier waar God se stem gehoor word. Dit is in hierdie deel waar God se Gees woon in 'n Christen se lewe.

Die siel van die mens is die deel van die mens waar die emosie, die wil en die intellek gesetel is.

Die vlees is die liggaam van die mens. Die liggaam verleen aan ons gesag op die aarde. Sonder 'n liggaam kan ons nie met ander mense kommunikeer nie. Sonder 'n liggaam het ons nie gesag op aarde nie.

Wanneer die mens sterf, verlaat sy gees en sy siel die gestorwe liggaam en gaan na die Paradys in die hemel of daal neer na die doderyk.

Die mens se liggaam is dus amper soos 'n motorkar wat jy in ry. Jou liggaam gee jou gesag op die aarde. Satan het geen gesag op die aarde nie aangesien hy nie 'n liggaam het nie. Daarom begeer hy om deur mense sy vernietigingswerk te doen.

God se Gees het ook nie 'n liggaam nie en daarom begeer Hy om in die Christen te woon sodat Hy God se gesag kan uitvoer op aarde.

Jy sal nou verstaan dat God die liggaam van die mens hoog ag aangesien jou liggaam die tempel van Sy Heilige Gees is.

*“Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?”*  
(1 Kor. 3:16)

Die gees, die siel en die liggaam van die mens is saamgeweef in 'n eenheid en wanneer die een skade kry, beïnvloed dit die ander. As voorbeeld:

Indien jy krank is in jou liggaam, is dit nie moontlik om 'n sterk geloof in jou gees te hê nie. Net so sal emosionele skade die liggaam kan siek maak.

God se plan vir die mens is om gelei te word deur Sy Heilige Gees wie woon in die mens se gees. Dit beteken dat die mens se gees die beheerkamer van die mens se lewe is. Om in die “gees te wandel” beteken dus om deur God se Gees (wie in die mens se gees woon) gelei te word en dat elke besluit vanuit die beheerkamer sal kom.

Die ongelowige of onbekeerde mens word gelei deur sy siel en sy liggaam. So iemand is dus VLEESLIK.

Kyk nou versigtig hierna:

*“En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes*

*waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk,*

*...onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne (die siel) gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander.” (Ef. 2:1-3)*

Hier staan geskrywe dat 'n mens wie nie lewe volgens God se plan nie en deur sy vlees en sinne (siel) gelei word, NIE die hemel sal smaak nie.

Sien ook hier:

*“Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.”*  
(Rom. 8:1)

*“...julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie.”*  
(Rom 8:9)

*“...want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe.”*  
(Rom 8:13)

Dit is duidelik. Satan wil die mens se vlees in die hande kry want dit is al manier wat hy die mens kan beheer.

God se meesterplan is dat die mens in die gees wandel d.w.s. deur Sy Gees (in die mens se gees) beheer word en sodoende die siel sowel as die vlees beheer!

Hier is egter die groot probleem:

Naas die oorlewingsdrang is die seksdrang die grootste drang wat in die mens werk. Indien die mens nie deur die gees gelei word nie, sal die vlees oorneem en geen mens kan deur blote wilskrag dit onderdruk nie!

Sommige dier spesies veg tot die dood toe vir die reg om voort te plant. Dit is God se manier om die voortbestaan van die sterkste te verseker. Meeste dier spesies, met die uitsondering van enkele, is monogaam en sal lewenslank by een maat bly.

Hoe jy ookal na dit kyk, sal jy sien dat sonder die seksdrang die mens (en dier) vinnig sal uitsterf. God het dit geskep. God het seks gemaak. Dit is Sy idee en die Bybel sê dat alles wat God gemaak het, goed is.

Diere het egter net 'n liggaam en 'n siel en nie 'n gees nie.

Diere word dus beheer deur hulle instinkte, drange en begeertes terwyl die mens na die beeld van God geskape is en 'n geestelike wese in sy kern is. Hier is egter die groot probleem:

Al die mens se drange en begeertes moet onderworpe wees aan die mens se gees en dit is 'n stryd!

Die vlees van die mens skreeu hard en sonder ophou:

“Ek wil dit en ek wil dat!” “Ek wil! Ek wil! Ek wil!”

Die seksdrang is soms so sterk dat dit die mens se hele denke oorheers en dus verkeerde besluite tot gevolg het.

Om die seksdrang te probeer onderdruk met blote wilskrag is sinneloos.



Jesus het self gesê dat as jy nie jou gees daaglik  
voed met die Woord SODAT DIE GEES JOU KAN  
BEHEER NIE, sal jy NIE kan staande bly nie!  
(Matt.4:4)

Die Woord leer dat mense wie sonder seks kan  
gaan, 'n spesiale gawe van God het. Paulus was een.  
Ons praat van 'n selibate lewe. Dit is 'n gawe van  
God en kom nie deur 'n besluit van die mens nie.  
Alle ander mense moet seksueel aktief wees want  
God het ons almal so gemaak. Ons kan nie anders  
nie. Ons is so gemaak. Dit is deel van ons lewens.

## DIE MAN EN DIE VROU

Mans word seksueel aktief vanaf hul puberteitsjare en hulle bly so tot in die gryse ouderdom- mits hulle gesondheid goed is. Die testosteroonvlakke is uiters hoog in 'n jongman se lewe en dit beïnvloed sy hele bestaan en wese. Indien hy nie Geesvervuld is nie, sal hy toegee aan seksuele sondes.

Mans is maklik gereed vir seks. Dit is normaal vir 'n gesonde man om snags spontane ereksies te ervaar- of soms op die mees ongeleë tye. 'n Man het nie veel tyd nodig om reg te wees vir aksie nie.

Tabakrook, die gebruik van alkohol en sommige medikasies, soos antidepressante en antihipertensiewe middele kan egter lei to erektilie disfunksie.

Die vrou se sekslewe lyk anders. Oor die algemeen sal die vrou in haar veertigerjare (en ouer) dikwels meer 'n begeerte na seks ervaar as in haar jeug.

Vrouens se seksdrange is ook meer intens gekoppel aan hul emosies en mans moet verstaan dat 'n kerslig ete en mooi woorde vir die vrou belangrik is en hy sal maar sy drange moet beteuel tot sy gereed is.

Hoekom hierdie inliging in 'n Christenboek? Sodat jy kan verstaan dat:

- a) God alles goed en reg gemaak het
- b) God se plan is selfbeheersing
- c) Daar is GEEN plek vir SELFSUG in die huwelik of in seks nie.

Omdat God 'n *Agapé* Liefdesgod is, is Sy skepping ook op liefde gebasseerd. Onthou dat God se liefde nie 'n emosie is nie, maar 'n BESLUIT om die ander persoon se behoeftes en begeertes hoër as jou eie te sien.

DAAROM.....

Die teenoorgestelde van Goddelike (Agapé) liefde is SELFSUG.

God is 'n *Agapé* LIEFDE God wie 'n gee-  
gesindheid het terwyl satan 'n SELFSUGTIGE  
wese is wie wil STEEL van jou.

DAAROM.....

Is daar in die huwelik nie plek vir SELFSUG nie.  
God het dit geskep om te werk met liefde (*agapé*)  
'N GEE GESINDHEID! Wanneer jy dus die dag  
trou, is dit nie meer JY nie, maar jou  
HUWELIKSMAAT wat belangrik is! Alle  
egskeidings is gebasseerd op SELFSUG.

Seks is presies net so. God het dit gemaak. Dit is  
goed. Dit is mooi. Dit is God se idee, MAAR dit is  
ook gebou op *agapé* liefde. ('n gee gesindheid)  
Daar is nie plek vir SELFSUG en eie-ek in God se  
plan nie.

Omdat God seks gemaak het en omdat God dit in  
die huwelik beplan het, is dit logies dat die huwelik  
nie kan bestaan sonder seks nie. Dit is God se plan  
om die huwelik te smee en te verseël. Die huwelik  
is soos 'n geboude baksteenmuur en die seks is soos  
die sement. Sonder die sement, is die muur swak en  
val maklik om.

Jy sal nou verstaan hoekom satan 24/7 werk om huwelike te vernietig. Omdat seks so 'n belangrike deel van die huwelik is, is dit juis hier waar satan met al sy mag werk om huwelike te vernietig.

## KOMMUNIKASIE

Soos in enige verhouding, moet daar kommunikasie wees. Geen verhouding kan bestaan sonder kommunikasie nie. 'n Verhouding word vernietig deur SELFSUGTIGE eie ek begeertes terwyl 'n verhouding versterk word met 'n “wat kan ek vir jou doen” (agapé-gee) gesindheid. Die eerste gesindheid lei to argumente en twis terwyl die tweede gesindheid lei tot vrede.

Net so met seks. Jy moet dit benader met 'n “wat wil JY hê” gesindheid en nie met 'n “EK wil dit of dat hê” gesindheid nie!

Die ander belangrike deel van kommunikasie in 'n verhouding is VRIENDELIKHEID. Niemand wil seksueel met 'n nors buffel betrokke raak nie.

Die ander deel van kommunikasie is AANVAARDING. Jy moet jou huweliksmaat laat voel dat hul liggaam vir jou mooi is. Pasop vir impulsiewe woorde en aksies wat 'n ander persoon kan seermaak.

Meneer, indien jy neerhalende aanmerkings oor jou vrou se voorkoms maak, VERSTAAN dat daar êrens 'n ander man is wie haar gaan komplimenteer.

Mevrou, verstaan dat daar êrens 'n vrou is wie jou man aantreklik vind! Hou op om met 'n skewe oog na jou huweliksmaat te kyk. Jy doen net jouself skade. Mans weet hulle word oud en hulle besef hulle lyk nie meer soos jare terug nie. Dit is nie nodig om hulle daaraan te herinner nie.

God is 'n GEE God. Hy Gee aanvaarding. Hy gee begrip. Hy gee jou hulp. Hy gee jou sorg. Hy gee jou wat jy voor bid. Satan is 'n steel wese. Hy steel vrede. Hy steel hulp. Hy steel geld. Hy steel blydskap.

**KIES JY NOU:**

Wie is jou vader? God of satan? Is jy 'n GEE mens of 'n STEEL mens? Die huwelik asook seks is God se plan. HY het dit uitgedink. Dit is Sy idee en daarom moet dit alles gebou word op LIEFDE-GEE GEE GEE GEE gesindheid! Wanneer dit by seks kom, moet jy jou huweliksmaat bedien met wat HUL begeer en nie jy nie!

## MY HUWELIKSMAAT HET MY VERNEUK!

Verstaan een ding goed:

JY het 'n plig om jou huweliksmaat te beskerm teen ander mense. Jy kan nie jou man se liefde behou deur hom heeldag aan te val nie. Jy kan nie jou vrou se liefde behou deur onbillike jaloesie of argumente nie.

JY moet vriendelik wees! JY moet netjies en skoon wees wanneer jy in die bed klim! JY moet jou maat liefkoos en komplimenteer.

**WANT DAAR IS IEMAND ANDERS WIE DIT SAL DOEN AS JY DIT NIE DOEN NIE!**

Jy HET 'N PLIG! Daar is werklik talle gevalle waar 'n getroude persoon in 'n buite egtelike verhouding betrokke geraak het omdat hulle verwerping ervaar het in hul huwelik! Dink versigtig hieraan. JY HET 'N PLIG!

Indien jou huweliksmaat met iemand ander seksueel betrokke geraak het, moet jy baie versigtig wees en nie impulsiewe besluite maak nie.



Die eerste ding wat sal gebeur wanneer jy dit agterkom, is skok en teleurstelling. Dink hieraan:

1. Indien jou maat waarlik berou het en jou liefhet, moet jy hul vergewe- al is dit ook so moeilik. Dink daaraan dat God jou ook vergewe het vir al jou sondes! (Matt.18)

2. Indien jou huweliksmaat nie berou het nie en jou wil skei, is dit beter om te skei. (Matt.5:32)

3. Onthou: Jy is **NOOIT** gevrywaar van dit nie. Dit **KAN** met jou ook gebeur! (Al dink jy nie so nie).

4. Ons het God se beskerming nodig teen hoerery en egbreuk. Jy het nodig om **DAAGLIKS** vir jou huweliksmaat te bid dat die **HERE** hulle beskerm teen ander mense wie satan wil gebruik om jou huwelik te skaad.

Onthou:

Verwyte en bitterheid herstel net mooi niks nie!

God het jou al soveel kanse gegee. Jy moet jou maat 'n kans gee.

## EK HET MY MAN GEVANG!

Talle vrouens het al met skok agtergekom dat hulle mans masturbeer of pornografie kyk op die internet.

Dit hoort nie in 'n gesonde huwelik nie! Porno kyk SAL die mens in satan se mag plaas en dit SAL 'n huwelik vernietig.

99% van alle mans masturbeer soms, veral jong ongetroudes. Ten spyte van algemene opinie, is vrouens nie vêr agter die 90% nie. Wat is die oorsaak? By mans gaan dit meesal oor te veel testosteroone. By vrouens is dit meer dikwels oor emosionele behoeftes. Wat ookal die redes, God se plan is dat die mens vervulling in elke opsig in die huwelik moet kry.

Masturbasie is ook gegrond op selfsug en is nadelig vir die huwelik en is nie God se plan nie.

Verstaan watter geweldige verantwoordelikheid dit is om getroud te wees? Wanneer jy getroud is, is jy 'n dienskneg. Daar is GEEN plek vir selfsug nie!

## GOD SE HUWELIKSBRIEF

Paulus se eerste brief aan die Korintiërs, hoofstuk sewe, is God se brief aan jou oor jou huwelik. Kyk versigtig na sommige dele saam met my:

*“Met betrekking tot die dinge waaroor julle aan my geskryf het - dit is goed vir ‘n man om ‘n vrou nie aan te raak nie.*

*Maar vanweë die hoererye moet elke man sy eie vrou hê, en elke vrou moet haar eie man hê.” (1 Kor. 7:1-2)*

**Let op dat die huwelik God se idee is om ons teen hoerery te beskerm.**

*“Die man moet aan die vrou die verskuldigde welwillendheid bewys, en net so ook die vrou aan die man.*

*Die vrou het nie mag oor haar eie liggaam nie, maar die man; en net so ook het die man nie mag oor sy eie liggaam nie, maar die vrou.”  
(1 Kor. 7:3-4)*

**Let hier op dat jy nie mag ‘nee’ sê nie. Jy mag nie selfsugtig wees nie. ‘Welwillendheid’ is seks.**

*“Onttrek julle nie aan mekaar nie, behalwe met wedersydse ooreenstemming vir ‘n tyd lank om julle aan vas en gebed te kan wy; en kom weer bymekaar, sodat die Satan julle nie in versoeking bring deur julle gebrek aan selfbeheersing nie.*

*Maar dit sê ek by wyse van toelating, nie by wyse van gebod nie.” (1 Kor. 7:5-6)*

**Hierdie deel is belangrik. God waarsku jou dat jy nooit jou van jou huweliksmaat moet onttrek nie, behalwe vir gebed! Jy mag nie opblaas en jou opruk nie!**

*“Want ek wens dat alle mense soos ek was; maar elkeen het sy eie genadegawe van God, die een so en die ander weer anders.” (1 Kor. 7:7)*

**Selibatie is ‘n gawe van God. Al die ander moet trou.**

*“Maar vir die ongetroudes en die weduwees sê ek, dit is vir hulle goed as hulle bly soos ek;*

*maar as hulle hul nie kan beheers nie, laat hulle trou; want dit is beter om te trou as om van begeerte te brand.” (1 Kor. 7:8-9)*

## **TROU!**

*“En aan die getroudes beveel ek - nie ek nie, maar die Here - dat die vrou nie van die man moet skei nie;*

*en as sy tog van hom skei, moet sy ongetroud bly, of haar met haar man versoen; en dat die man sy vrou nie moet verstoot nie.” (1 Kor. 7:10-11)*

**As jy dit onuithoubaar vind om getroud te wees, mag jy skei, MAAR dan mag jy NOOIT weer in ‘n verhouding gaan of ooit weer trou nie. Jy mag egter teruggaan na jou huweliksmaat toe. Julle mag mekaar NOOIT verstoot nie!**

*“Maar vir die ander sê ek - nie die Here nie - as enige broeder ‘n ongelowige vrou het en sy dit goedvind om met hom saam te lewe, moet hy haar nie verstoot nie;*

*en as ‘n vrou ‘n ongelowige man het, en hy dit goedvind om met haar saam te lewe, moet sy hom nie verstoot nie” (1 Kor. 7:12-13)*

**Indien jou huweliksmaat ongered is, mag jy hulle nie verstoot nie. Gee liefde en bid vir hulle.**

*“Want die ongelowige man is geheilig deur die vrou, en die ongelowige vrou is geheilig deur die man; want anders sou julle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig.” (1 Kor. 7:14)*

**Indien jou huweliksmaat ongered is, kom God se seën op hulle en op jou kinders OMDAT jy die HERE dien. Dit is dus JOU plig om jou lig te laat skyn en lief te hê.**

*“Maar as die ongelowige wil skei, laat hom skei. In sulke gevalle is die broeder of suster nie gebonde nie. Maar God het ons tot vrede geroep.*

*Want hoe weet jy, vrou, of jy die man sal red; of hoe weet jy, man, of jy die vrou sal red?”*  
(1 Kor. 7:15-16)

**Indien jou ongelowige huweliksmaat wil skei, dan mag jy dit toelaat en selfs weer trou. Jy het geen waarborg dat hulle tot bekering sal kom nie.**

Kyk baie mooi na hierdie deel:

*“Maar as jy tog trou, sondig jy nie; en as ‘n maagd trou, sondig sy nie. Maar sulke mense sal verdrukking hê vir die vlees, en ek wil julle spaar.”* (1 Kor. 7:28)

God se Woord leer dat die huwelik vir jou verdrukking sal bring, MAAR eerder dit as om hel toe te gaan as gevolg van hoerery! So wat is die les wat ons leer?

- 1) TROU so gou as moontlik met ‘n CHRISTEN.
- 2) RAADPLEEG jou ouers. HULLE WEET BETER!!!

- 3) Onthou jou van enige vorm van seks tot jy getroud is.
- 4) Hanteer jou huwelik (en seks) soos God dit beveel.
- 5) Vergeet van verliefdheid. Die huwelik is harde werk!

Die huwelik met seks kan voorwaar wonderlik wees indien dit so uitgeleef word soos God dit beplan het.

God het niks sleg gemaak nie. Dit is satan wie die mens met sy leuens bedrieg en dan so leuens en huwelike verwoes.



## DIE EMOSIE VAN SEKS

Mans word beskou as die '*macho*' harige bors sterk spesie. In werklikheid is dit totaal verkeerd. Mans is net soos vrouens, uiters emosioneel oor seks. 'n Grappie oor die man se geslagsorgaan of oor sy onvermoë om sy vrou te behaag, kan 'n huwelik vinnig vernietig.

Neem 'n man se seksvermoëns weg en hy sal in die geheim verbitterd wees tot die dag van sy dood. Hy sal egter nooit daarvoor praat nie.

Anders as diere, is die mens se sekslewe uiters emosioneel. 'n Man kan ophou om seksueel aktief te wees omdat hy bang is dat hy nie in staat sal wees om 'n ereksie te behou nie. Hy sal nooit met sy vrou daarvoor praat nie. 'n Man kan ophou om seksueel aktief te wees as hy voel sy vrou geniet hom nie. Hy sal nooit daarvoor praat nie.

Vrouens verstaan dikwels nie hoe sensitief 'n man oor hierdie saak is nie. Talle mans gee groot hoeveelhede geld uit op middels en toerusting om hulle seksueel meer aktief en aantreklik te maak.

Die vrou het tradisioneel 'n minder aktiewe rol in die seksdaad en dit plaas groter verpligting op die man en op sy vermoëns.

## TROU DADELIK!

God se plan vir seks is BINNE IN DIE HUWELIK!  
Alle seks buite die huwelik SAL vir satan 'n  
regmatige kontrak op jou lewe gee en hy SAL jou  
siek maak en jou dood maak!

Dit is moeilik WANT in Bybelse tye het egpare na  
12jarige ouderdom getrou. Vandag moet ons eers  
skool toe en dan gaan leer of gaan werk voor ons  
kan trou en wat maak ons met al die opgehoopte  
hormone? Die antwoord: Hoerery en masturbasie  
wat nie God se plan is nie.

Hoekom is hoerery (seks buite die huwelik) vir God  
so aanstootlik?

Let mooi op:

OMDAT DIT DIE BEELD VAN CHRISTUS  
VERTRAP.

In God se oë, is die huwelik 'n beeld van Jesus en  
Sy gemeente. Die man is 'n tipe van Jesus en die  
vrou is 'n tipe van gemeente. Lees dit in Ef. 5 saam  
met my:

*“Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here.*

*Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam.*

*Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees.*

*Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het*

*om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord,*

*sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees.*

*So behoort die mans hulle eie vroue lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief;*

*want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente.*

*Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene.*

*Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle twee sal een vlees word.*

*Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente."*  
(Ef. 5:22-32)

Wanneer God dus na die huweliks kyk, sien hy in die man 'n beeld van Jesus en in die vrou 'n beeld van die gemeente. Wanneer die man die vrou koester en liefhet, sien God hoe Jesus die gemeente koester en versorg. Satan weet dit. Hy veg hard om God te bedroef en sy slinkse plan is om huwelike te vernietig met selfsug.

Let versigtig op en jy sal sien dat vloeke- veral krankhede op mans kom wie volhard in hoerery- al neem dit ook jare.

## HOERERY BRING SIELEBANDE.

Die Woord leer dat twee mense wie seksueel met mekaar betrokke is, “een” is.

*“...en hulle twee sal een vlees word, sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees.”* (Mark. 10:8)

Daar vorm ‘n sieleband tussen twee mense wie seksueel aan mekaar gekoppel is. God het dit so gemaak sodat die man en die vrou, in die huwelik, aan mekaar ‘gegom’ is! Dit is God se manier om die huwelik te verseël. Die twee raak in hulle siele aan mekaar verkleef!

Indien iemand met verskeie mense ‘n seksuele verhouding gehad het, sal so iemand dikwels aan ‘n onverstaanbare emosionele depressie begin ly en hulle uiteindelijke huwelik sal geken word aan gereelde konflik.

Die oplossing:

Vra God om die sieleband met vorige minnaars te breek.

## HOERERY BRING DEMONIESE WERKING.

Omdat twee mense wie met mekaar seksueel betrokke is, een vlees word, kan 'n onrein gees van die een na die ander oorgaan sonder dat iets hom kan keer. Onverstaanbare emosionele endogene depressie kan die gevolg wees van vele seksuele verhoudings.

Die oplossing: 1 Joh.1:9.

## HOERERY BRING KRANKHEID.

*“Sy het hom verlei deur haar baie mooipraatjies, deur die gladheid van haar lippe het sy hom verlok.*

*Hy loop skielik agter haar aan soos 'n bees wat na die slagpaal gaan, en soos voetboeie wat dien tot tugtiging van die sot,*

*totdat die pyl sy lewer splits; soos 'n voël haastig na die vangnet vlieg-sonder om te weet dat dit ten koste van sy lewe is.” (Spr. 7:21-23)*

en hier.....

*“...en jy uiteindelik moet steun as jou liggaam en jou vlees verteer is,...” (Spr. 5:11)*

en hier.....

*“En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie.*

*Kyk, Ek werp haar neer op >n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in >n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie.” (Openb. 2:21-22)*

HOERERY SNY GOD VAN DIE MENS AF EN  
NEEM HULLE HEL TOE.

*“Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie.” (1Kor. 6:10)*

en hier.....



*“Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.” (Openb. 21:8)*

God is lief vir die mens en wil nie dat enige iemand verlore gaan nie, (2 Pet. 3:9) MAAR GOD SE KINDERS MAG NIE HOEREER NIE, MAAR TROU!

Dit is soms net ‘n twakgewoonte en tradisie om te wil wag tot jou skip inkom voordat jy trou. Dit skrif sê as jy:

a) van begeerte brand, moet jy trou.

b) Jy mag NOOIT skei nie.

Daarom:

As jy van begeerte brand en jy sien kans om jou lewe te slyt met ‘n mede-dissipel van Jesus, dan kwalifiseer jy om te trou al is jy arm en al bly jy nog by jou ma.

WANT anders kan jy verlore gaan as gevolg van hoerery!

Kyk hier:

*“Maar vanweë die hoererye moet elke man sy eie vrou hê, en elke vrou moet haar eie man hê.*

*Die man moet aan die vrou die verskuldigde welwillendheid bewys, en net so ook die vrou aan die man. (Dit beteken om seks te gee)*

*Die vrou het nie mag oor haar eie liggaam nie, maar die man; en net so ook het die man nie mag oor sy eie liggaam nie, maar die vrou.”*  
(1 Kor. 7:2-4)

ALLE SEKS BUIE DIE HUWELIK SAL VIR SATAN ‘N REG OP DAARDIE LEWE GEE EN VLOEKE EN KRANKHEID SAL VOLG!

TROU!!!

## HOEVEEL KEER SAL GOD SONDE VERGEWE?

Dit maak nie aan God saak hoeveel keer jy gesondig het of wat jy gedoen het nie of self hoeveel keer jy gestruikel het nie. DIE KRUIS IS GROOT GENOEG VIR ALLES!

Al het jy dieselfde sonde duisende kere oor en oor gedoen sal Hy jou totaal oor en oor vergewe

MITTS:

a) Jy berou het en Hom om vergifnis vra (1 Joh.1:9)

b) Jy met al jou mag die sonde weerstaan (Jak.4:7)

Van belang is dat jy met alles, elke keer na God toe hardloop en NOOIT weg van Hom af hardloop nie!

*“Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.*

*Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie.”* (Joh. 3:17-18)

*“Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie.” (Joh. 6:37)*

Die kruis is nie vir die goeie mense nie, maar vir sondaars. Die Woord leer vanuit Jak. 3:2 dat ons almal DIKWELS STRUIKEL!

Daar is drie soorte mense op aarde:

- 1) Diegene wie seksuele sondes gedoen het.
- 2) Diegene wie dit net begeer het.
- 3) Diegene wie dit nie gedoen het nie omdat hulle nie kon nie.

In kort beteken dit dat ons almal skuldig is en ons het almal God se vergifnis nodig. Niemand is onskuldig nie.

Die Engelse het “n spreekwoord:

*“The pot cannot call the kettle black”*

Daarom leer die Woord:

*“...want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God,*

*en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.” (Rom 3:23-24)*

Daarom kan niemand ‘n vinger na ‘n ander wys nie!  
Voor jy kwaad word en dink aan skei. STOP! Dink versigtig aan jou eie lewe en dat God ‘n God van vergifnis is.

## GOD SE FONDASIE VIR DIE HUWELIK

God het net drie riglyne vir die huwelik. Jy het nie 'n sielkundige nodig of 'n huweliksberader nie. Jy het net nodig om die drie riglyne te volg.

Riglyn no een:

Jou huwelik sonder God kan nie werk nie.

*“Die vloek van die HERE is in die huis van die goddelose, maar Hy seën die woning van die regverdiges.” (Spr. 3:33)*

Die Woord leer dat daar 'n vloek op elke mens is wie nie met sy of haar hele hart die HERE dien nie. Dit sluit hulle kinders ook in. (Ex. 20:4)

Kyk ook na die vloek wat mense se kinders tref wie nie die HERE dien nie:

*“Vervloek sal wees die vrug van jou liggaam en die vrugte van jou land, die aandeel van jou beeste en die aandeel van jou kleinvee.” (Deut. 28:18)*

Daarom is riglyn nommer een dat jy en jou huweliksmaat elke Sondag in God se byeenkoms moet wees en dat julle tyd moet neem, elke dag, vir Sy Woord en gebed.

Riglyn nommer twee:

Die rol van die vrou.

Net soos wat God die Vader en God die Seun EEN is in begeerte, in liefde en in gedagte, MAAR twee persone is, net so (in God se oë) is die man en die vrou EEN, maar twee persone.

*“En tog, in die Here is die man nie sonder die vrou nie, en die vrou ook nie sonder die man nie.” (1Kor. 11:11)*

*“...en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees;*

*sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.” (Matt. 19:5-6)*

‘Die een hand was die ander hand’ lui die spreekwoord.

Net soos die Vader ‘n rol vervul, so vervul die Seun ‘n ANDER rol. Net soos die man nie meer belangrik as die vrou is nie, net so is die vrou ook nie meer belangrik as die man nie- want in God se oë is hulle gelyk, **AL IS DAAR TOG ‘N VERSKIL IN ROLLE!**

Die rol van die vrou is in Gen. 2:18:

*“Ook het die HERE God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom ‘n HULP maak wat by hom pas.” (Gen. 2:18)*

Dit is NIE GOED DAT DIE MAN ALLEEN IS NIE en God gee ‘n HULP wat by hom pas. Jou mammie is nie jou hulp nie. Jou bankbestuurder is nie jou hulp nie. Jou vriende is nie jou hulp nie. **JOU VROU IS!** Dit is God se plan! Sy plan werk altyd.

Naas God, is jou huweliksmaat eerste! Indien jy jou ouers, jou vriende of enige iemand anders voor jou huweliksmaat stel, kan God jou nie seën in die ander areas van jou lewe nie!



Jy SAL finansiële probleme hê. Jy sal gesondheidsprobleme hê. Jy SAL emosionele probleme hê. HOEKOM? Omdat jy ander dinge en ander mense meer eer as jou huweliksmaat!

Die vrou se eerste plig, volgens die Skepper van die huwelik, is dat sy haar man se hulp moet wees. Hoe doen sy dit?

Deur eerstens te verstaan dat 'n man sonder 'n vrou HULPELOOS is.

Deur te verstaan dat satan dit weet en dat hy graag wil sien dat die vrou haar hulp onttrek SODAT die man hulpeloos word.

Haar volgende plig is om DAAGLIKS vir haar man in te tree en te vra dat God hom beskerm, wysheid gee, honger na die Woord gee en hom guns verleen in sy werkgewer (of kliënte) se oë.

Om die man se hulp te wees beteken ook om hom te waarsku indien hy verkeerde besluite neem. Dit beteken egter nie om baasspelerig te wees en heeldag te neul nie.

Om die man se hulp te wees beteken verder om aan hom jou ondersteuning te gee, SELFS WANNEER HY IETS VERKEERD GEDOEN HET! Onthou-alleenlik *agapé* kan werk. Dit is God se resep!

DIE MAN SE ROL:

Lees dit in Ef.5:25

*“Manne, julle moet jul EIE vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het.” (Ef. 5:25)*

Hierdie is makliker gesê as gedaan. Let mooi op:

1. Jy moet haar liefhê SOOS CHRISTUS JOU LIEFHET. Dit beteken dat jy jou lewe vir haar moet gee! Dit beteken voorts dat jy haar belange bo jou eie moet stel. Dit beteken verder dat jy haar en haar belange altyd eerste sal plaas.

Dit beteken dat jy moet verstaan dat in God se oë is sy belangriker as al die ander mense op aarde. Net God self is belangriker! As jy dit nie kan sluk nie, moes jy liever nie getrou het nie! Dit is God se plan en dit is al manier wat jy Sy seën in jou lewe gaan ontvang!

2. Liefde vir jou vrou is NIE emosie nie, maar 'n BESLUIT om haar belange te erken en in dit te voorsien.

Daarom moet jy haar liefhê al is sy oud, al is sy nie meer aantreklik nie, al maak sy foute, al tree sy verkeerd op en al verdien sy dit nie.

Jy sê dit is darem te erg. Wel, dit is wat God sê en  
DIT IS AL MANIER OM DIE HERE SE  
GROOTSTE SEËN OP JOU LEWE TE KRY!

Verstaan dat daar geen plek vir selfsug of eie ek in die huwelik is nie. Jy skiet jouself in die voet met jou selfsug geweer!

Die skrif sê dit is beter om nie te trou nie. Dit is waar, maar eerder 'n dooie getroude mens in die hemel as 'n lewendige hoereerder in die hel.

Nog 'n bietjie nonsens:

Seks begin met 'n glimlag, help om skottelgoed te was, mooi woorde en aanvaarding. Moenie vergeet dat die mens 'n emosionele wese is nie.

Veg teen woede, ergerlikheid, twis en eiesinnigheid wat alles gebou is op die fondasie van selfsug. Jy kan NIE 'n ander mens verander nie. Jy KAN jouself verander. Wanneer JY verander, mag jou huweliksmaat dalk ook verander.

## HIEROOR PRAAT ONS NOG MINDER

Seks tussen diere is gebasseer op instink en drange. Die olifante gaan in estrus en dan is daar groot moeilikheid as jy hulle probeer keer. Die mens is na God se beeld geskape en die mens kan selfbeheersing toepas. Selfbeheersing is een van die vrugte van die gees (Gal.5:22) en dit beteken dat JY in beheer van jou lewe moet wees en nie jou hormone nie. Daar is 'n tyd en plek vir alles.

Leer hierdie groot les:

Elke aksie wat gedryf word deur drange bring later berou. **DAAROM** moet jy trou as jy jou nie kan beheers nie en as jy getroud is, moet jy werk aan hierdie sensitiewe saak. Vlug daarom vir elke seksuele sonde want satan se magte **SAL** jou en alles wat jy het, vernietig! Seksuele sondes gee aan satan 'n wettige kontrak op jou lewe!

Binne die grenslyne van die huwelik is alles geoorloof. Onthou kommunikasie; vra wat jou maat begeer. Bedien jou maat met dit wat hulle van hou.

Solank dit binne die huwelik is EN DAAR GEEN  
ANDER PERSOON BY BETROKKE IS NIE, is  
alles geoorloof wat julle oor mag saamstem.

Jy kan dus nie iets van jou maat verwag wat vir hul  
onaanvaarbaar is nie! Dit is SELFSUG!

## EN AL DAARDIE HULPMIDDELS

Viagra en soortgelyke medikasies is lewensgevaarlik. Dit kan een of ander tyd lei tot hartversaking en selfs apopleksie!

Erektiele disfunksie (die onvermoë om 'n ereksie te bereik en te behou) kan wees as gevolg van fisiologiese redes. Gesels met jou mediese praktisyn daaroor. Dit is egter meer dikwels as gevolg van emosionele en sielkundige probleme. Polêre afwykings (endogene depressie) kan dit veroorsaak. Die gebruik van tabak en alkohol, sowel as sekere medikasies kan dit veroorsaak.

In ouer mans kan dit wees as gevolg van androgene redes. Testosteron aanvulling per binnespierre inspuitings is 'n veilige, vinnige oplossing mits die prostaatklier gesond is. Bespreek dit met jou mediese praktisyn. Hierdie inspuiting is duur en word slegs elke drie maande toegedien, maar is die veiligste mits jou mediese praktisyn dit goedkeur.

Ouer mans neem langer om gereed te wees vir seks en die vrou moet meer tyd neem met voorspel. Onthou, jou huweliksmaat is belangriker as jy!

Vir 'n gesonde sekslewe, verstaan dat jy is wat jy eet. 'n Gesonde dieët en matige oefening sal meeste mans se impotensieprobleme oplos.

Verstaan dat die mens van puberteit af 'n seksuele wese is en indien die seks om een of ander rede uit die mens se lewe uitgesny word, dit sielkundig traumaties vir so iemand is- man of vrou. Die mens is 'n sensitiewe wese en kan maklik verwerp of nutteloos voel.

Om jou huweliksmaat se toenadering te verwerp, verwond die siel en alhoewel hulle niks sal sê nie, sal genoeg sulke wonde hulle uiteindelik doodmaak vir jou.

Pasop:

Mense is sensitief en kry maklik seer.

Seks gaan dus nie bloot oor hartstog nie. Elke mens op aarde het 'n onversadigbare drang na aanvaarding en liefde.



## EN 'N LAASTE WOORD

Die probleem met Christene is dat hulle dink satan is 'n grap. Daar is twee areas waar satan 'n groter en kragtiger kontrak op 'n lewe kry as met enige ander sondes en dit is:

a: Seksuele sondes

b: Sondes van die okkulte

Jy sal wegkom met baie sondes want satan se mag is beperk tot leuens en bedrog, MAAR indien jy met seksuele sondes speel, maak jou klaar vir krankheid en 'n vroeë graf. Seksuele sondes en okkultiese sondes soos heksery, satanisme en afgodediens, is die sondes wat vir satan 'n bloedkontrak op jou lewe en alles wat jy besit, sal gee!

En as jy alleen is? En as jou huweliksmat nie meer wil of kan nie? Wat dan? Dan het jy nodig om God aan te roep om jou te beskerm teen hoerery. Dan het jy nodig om te verstaan dat jy nog steeds jou huweliksmat moet liefhê!

Vlug vir alle vorms van hoerery, selfoon en internetpronografie, vuil grappe en sinnelose sletpraatjies. Jy is in die beeld van God geskape. Hy het seks gemaak as die kleefmiddel om die huwelik te verseël. Respekteer dit. Finansiële tekorte is nie 'n verskoning om nie te trou nie. Indien jy oud genoeg is, TROU!

Vermyn mense wie jou probeer verlei. Jy sal betaal en dit sal 'n duur prys wees. God sal jou vir alles vergewe, maar jy sal betaal. God het Dawid vergewe vir sy hoerery, maar hy het duur betaal.

*“En teen die aand, toe Dawid van sy bed opgestaan het en op die dak van die paleis wandel, sien hy van die dak af 'n vrou wat besig was om 'n bad te neem; en die vrou was baie mooi van aansien.*

*En Dawid het ondersoek laat doen na die vrou, en hulle het gesê: Is dit nie Bátseba, die dogter van Elíam, die vrou van Uría die Hetiet nie?*

*Daarop stuur Dawid boodskappers en laat haar haal.*

*En toe sy by hom inkom, het hy met haar gemeenskap gehad, terwyl sy haar juis van haar onreinheid gereinig het. Daarna het sy na haar huis teruggegaan.*

*En die vrou het swanger geword en gestuur om Dawid te laat weet: Ek is swanger.” (2 Sam. 11:2-5)*

Sy kind het gesterf en sy hele familie het teen hom gedraai. Al sy buurlande het teen hom gedraai. Dawid is verseker vandag in die hemel, maar hy het duur betaal oor een vrou wie hy mee hoereer het.

*“Maar hy wat gesond geword het, het nie geweet wie dit was nie; want Jesus het Hom verwyder, omdat daar ‘n skare op die plek was.*

*Daarna het Jesus hom in die tempel gekry en vir hom gesê: Kyk, jy het gesond geword; moenie meer sondig nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie.” (Joh. 5:13-14)*

*“Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom.” (Luk. 13:5)*

*“En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie.*

*Kyk, Ek werp haar neer op ‘n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in ‘n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie.” (Openb. 2:21-22)*

Onthou dat alles wat God gemaak het, goed is. God het musiek gemaak en die duiwel het dit met al sy mag aangeval. God het die huwelik en seks gemaak en die satan val dit met al sy mag aan. Wanneer die mens al hierdie mooi dinge uitleef volgens God se resep, bring dit ongekennde seën in oorfloed.

Kies God se manier. Jy het net een lewe. Jy het net een kans. Hoekom sal jy dit vernietig deur toe te gee aan jou aartsvyand se begeertes? Gee God ‘n kans en kyk wat gebeur. Bou jou lewe, jou planne en jou begeertes op die basis van *agapé* liefde.

\*\*\*\*\*

Ervaar die verskil!